

SPELAAL VIR BABA



RONDE TJALIE

9 onse Coat se baba-orlon.
1 stel van vier nommer 11-breinaalde. 1 ronde naald nommer 11, 24 duim lank.

MATE: 50 duim in deursnee.

SPANNING: 7½ ste en 9½ rye is 1 vierkante duim.

N.B. Toets die spanning voordat met breiwerk begin word, deur 'n 3 duim-vierkant in koussteek (23 ste en 29 rye) met nommer 11-naalde te brei. As die breiwerk te los is, m.a.w. te min ste vir 'n duim, gebruik dunner naalde of andersom.

AFKORTINGS: r - regs, aw - aweregs, st(e) - steek(e), glso - glip steek oor, herh — herhaal, tes - tesame, w12maal - draai wol twee maal om die naald.

Met die stel naalde heg 3 ste op die eerste 2 naalde en 2 ste op die 3e naald.

1e en 2e rondte: r.

3e rondte: r, brei twee maal in elke st. (16 ste).

4e en 5e rondte: r.

6e rondte: *w12maal, r 1, herh tot * tot end.

7e rondte: * r 1, en aw 1 in elke w12maal, r 1, herhaal van * tot end. (48 ste).

8e rondte: gl die 1e st van die linkernaald na die regternaald, *w12maal, gl 1, 2 tes, glso, herh van * tot end (48 ste).

9e en 10e rondte: soos vir 7e en 8e rondte.

11e rondte: * r 1, aw 1, r 1 in elke w12maal, r 1 herh van * tot end (64 ste).

12e tot 20e rondte: r

21e rondte: *w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van *tot end. (96 ste).

22e en 23e rondte: soos 7e en 8e rondte (96 ste).

24e en 25e rondte: soos 7e en 8e rondte (96 ste).

26e rondte: soos 7e rondte.

27e tot 35e rondte: r.

36e tot 50e rondte: soos 21e tot 35e rondte (144 ste).

Brei oor op ronde, 24 duim lange naald en merk die begin van elke rondte.

1e rondte: *w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van * tot end. (216 ste).

2e rondte: * r 1, en aw 1 in elke w12maal, r 1 herh van * tot end.

3e rondte: gl eerste st van linkernaald na regternaald, w12maal, gl 1, 2 tes, glso, herh van * tot end (216 ste).

4e en 5e rondte: soos 2e en 3e rondte.

6e rondte: soos 2e rondte.

7e tot 15e rondte: r. (216 ste).

16e rondte: soos 1e rondte.

17e tot 30e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

31e rondte: *w12maal, gl 1, 2 tes, glso, w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van * tot laaste 4 ste, (w12maal, gl 1 r 1, glso), twee maal. (390 ste).

32e tot 45e rondte: soos 2e tot 15e rondte (390 ste).

46e rondte: *w12maal, gl 1, 2 tes, glso, w12maal, gl 1, r 1 glso, herh van *tot end. (468ste).

47e tot 60e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

61e rondte: *(w12maal, gl 1, 2 tes, glso,) twee maal, gl 1, r 1, glso, herh van * tot laaste 4 ste (w12maal, gl 1, r 1, glso) (528 ste).

62e tot 75e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

76e rondte: *(w12maal, gl



1, 2 tes, glso) twee maal, w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van * tot end. (594 ste).

77e tot 90e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

91e rondte: *(w12maal, gl 1, 2 tes, glso) twee maal, w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van *tot laaste 2 ste, w12maal, gl 1, r 1, glso. (669 ste).

92e tot 105e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

106e rondte: *(w12maal, gl 1, 2 tes, glso,) twee maal, w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van *tot laaste 5ste, w12maal, gl 1, 2 tes, glso, w12maal, gl 1, r 1, glso (753 ste).

107e tot 120e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

121e rondte: *(w12maal, gl 1, 2 tes, glso,) drie maal, w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van *tot laaste 5 ste, w12maal, gl 1, 2 tes, glso, w12maal, gl 1, r 1, glso. (822 ste).

122e tot 135e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

136e rondte: *(w12maal, gl 1, 2 tes, glso) drie maal, w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van * tot laaste 8 ste, (w12maal, gl 1, 2 tes, glso) twee maal, gl 1, r 1, glso, (897 ste).

137e tot 150e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

151e rondte: *(w12maal, gl 1, 2 tes, glso) drie maal, w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van *tot laaste 6 ste, (w12maal, gl 1, 2 tes, glso) twee maal. (976 ste).

152e tot 165e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

166e rondte: *(w12maal, gl 1, 2 tes, glso) drie maal, w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van * tot laaste 10ste, (w12maal, gl 1, 2 tes, glso) twee maal, (w12maal, gl 1, r 1, glso) twee maal. (1068 ste).

167e tot 180e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

181e rondte: *(w12maal, gl 1, 2 tes, glso) vier maal w12maal, gl 1, r 1, glso, herh van *tot laaste 4 ste, w12maal, gl 1, r 1, glso) twee maal. (1146 ste).

182e tot 195e rondte: soos 2e tot 15e rondte.

Volgende rondte (soom): * wol vorentoe, gl 1, r 1, glso, herh van * tot end. Regs 5 rondtes. Heg af.

Afwerking: Moenie pars nie. Vou die soomlyn dubbel en werk af.

BABASTEL

BENODIGDHEDE:

7 (8, 9, 10) ½-ons balle Coat se baba-Orlon; 1 paar nommer 11-breinaalde; 1 steekhouer of groot haakspeld; 4 klein knopies; smal rek.

MATE: Borsmaat 16 (18, 20, 22) duim.

Frokkie: Lengte van die nek tot by soom 9½ (10, 11, 11½) duim. Mousnaat 2 duim.

Baadjie: Lengte agter van nek tot by soom 8 (8½, 9, 9½) duim. Mousnaat 4½ (4½, 5½, 5½) duim.

Luierbroekie: Middel tot kruis 8½ (9, 9½, 10½) duim.

Groottes: Syfers in () verwys na groter groottes. Waar net een syfer aangegee word, verwys dit na alle groottes.

Spanning: 8½ ste en 10 rye per vierkante duim. Brei 'n vierkant van 3 duim in patroonsteek (27 ste en 30 rye) op nommer 11-breinaalde. As die breiwerk te lossies is, is daar te min ste per duim; gebruik dan 'n dunner naald of andersom.

AFKORTINGS: r — regs, aw — aweregs, st(e) — steek(e), herh — herhaal, oorbl — oorblywende, verv — vervolg, patt — patroon, vermin — verminder, verm — vermeerder, tes — tesame, volg — volgende, beg — begin, alt — alternatief, ww — wol vorentoe.

FROKKIE: Agterpant.

Heg aan 70 (78, 86, 94) ste en brei 10 rye in r 1, aw 1, r1-felsteek. Brei nou patt st.

1e en 2e ry: *aw 1, r 1, herh van * tot end.

3e en 4e ry: *r 1, aw 1, herh van * tot end.

Hierdie 4 rye vorm die patt.

Herhaal in patt st tot die werk 6 (6½, 7, 7½) dm meet, eindig aan die verkeerde kant.

Moufatsoenering: Heg 12 ste aan aan die begin van die volgende 2 rye. 94 (102, 110, 118) ste. Patt st 2½ (2½, 3, 3) duim en heg af aan mouskant.

Skouerfatsoenering: Heg af 5 (6, 8, 9) ste aan die beg van die volg 4 rye en 12 ste aan die beg van die volg 4 rye. Haal oorbl 26 (30, 30, 34) ste af op haakspeld.

Voorpant:

Brei soos vir die agterpant tot 10 (10, 12, 12) rye van die moue gebrei is.

MAAK U EIE KLERE MET

MAUDELLA-PATRONE

Die nuwe 1968-katalogus van 102 blaaie met meer as 400 modieuse style vir dames en kinders is nou verkrygbaar. Ingesluit is 'n uiters handige sny- en werkgids.

Alle patrone is geïllustreer en is per kerende pos verkrygbaar teen 40c, 50c en 60c posvry.

Sny die koepon hieronder uit en stuur vandag 'n posorder ter waarde van 45c vir hierdie wonderlike boek vol ontwerpe.

Afbeeldings in buustennommers 34, 36, 38, 40. — Prys 60c posvry.



C5538

Stuur my asseblief per kerende pos die 1968 MAUDELLA order vir 45c insluit. — Vir Rhodesië, slegs geldwissels.

NAAM (blokletters)

ADRES (blokletters)

CLARKES

VICTORIAWEG 10
Telefoon 69-9371

MOWBRAY, K.P.

R.R. 28/8/68

Halsfatsoenering: Volgende ry: Patt 42 (45, 48, 51) heg 10 (12, 14, 16) ste af. Patt tot end. Brei die laaste ste so: Vermin 1 st aan die halskant elke ry tot 34 (36, 40, 42) ste oorbly. Vervolg tot mou 3 (3, 3½, 3¾) dm meet, eindigende aan die mouskant.

Skouerfatsoenering: Heg af 5 (6, 8, 9) ste aan die begin van volg en elke alt ry, en 12 ste aan die begin van volg 2 alt ry. Met die verkeerde kant na vore las die wol aan die oorbl ste en voltooi om ooreen te stem met die eerste kant, fatsoenering omgekeerd.

Halsband: Werk regterskouernaat toe. Aan die regterkant tel op en r 77 (82, 92, 102) ste rondom die hals. r 1 ry.

Volgende ry: r 2, *wv, 2 tes, r 3, herh van * tot end.

r 2 rye. Heg baie lossies af.

Mousboordjies:

Werk linkerskouernaat toe. Met die regterkant na vore tel 46 (48, 50, 52) ste op en r 1 ry.

Brei 5 rye in r 1, aw 1. Riffelsteek. Heg af.

Luierbroek:

Heg aan 72 (80, 88, 96) ste.

Brei 6 rye in riffelsteek, r 1, aw 1.

7de ry: *r 1, wv, r 2 tes, aw 1, herhaal van * tot end.

Brei 5 rye in riffelsteek, r 1, aw 1.

Patt 46 (50, 54, 58) rye soos vir frokkie. Vermin 1 st aan elke end van die volg en elke volgende ry tot 32 (32, 36, 38) ste oorbly. Patt 10 rye sonder fatsoenering.

Verm 1 st aan die end van die volg en elke volg ry tot daar 72 (80, 88, 96) ste oorbly. Patt 46 (50, 54, 58) rye. Brei 6 rye in riffelsteek r 1, aw 1.

7de ry: *r 1, wv, r 2 tes, aw 1, herh van * tot end. Brei 5 rye in r 1, aw 1. Heg riffelsteek af.

Beenboordjies:

Met die regterkant na vore stel en r 76 (80, 84, 88) ste langs die beenopening. Brei 5 rye in riffelsteek r 1, aw 1. Heg af.

BAADJIE:

Voorste band (brei 2).

Heg 5 ste aan en r 20 (20, 22, 22) rye. Laat ste op haakspeld.

Heg aan 74 (82, 90, 98) ste vir rug. Brei 12 rye in riffelsteek r 1, aw 1. Patt 26 (28, 28, 30) rye soos vir frokkie.

Verm 1 st aan elke end van die volg en volg 3 alt rye. Brei 1 ry. Heg 4 ste aan aan die beg van volg 8 rye, heg dan 8 ste aan die beg van die volg 2 (2, 4, 4) rye. 130 (138, 162, 170) ste. Patt 22 (24, 26, 28) rye.

Deel vir voorpante:

Volgende ry: Patt 51 (54, 65, 68), heg af 28 (30, 32, 34) patt tot end. Brei die laaste ste vir die linkervoorpant, en laat ander ste op haakspeld.

Volgende ry: Patt tot end, r oor die 5 ste van die voorband.

Volgende ry: r 5, patt tot end.

Volgende ry: Patt tot laaste 5 ste, r 5. Herh laaste 2 rye nog 5 maal.

Hou die r 5 al die tyd in die patt en verm 1 st, in die binnekant van r 5, aan die volg en elke alt ry tot daar 65 (69, 81, 85) ste is, eindig aan mouskant.

Verm aan die voorste kant soos voorheen elke alternatiewe ry. Heg af 8 ste aan die begin van volg en daaropvolgende 0

(0, 1, 1) alt rye, 4 ste aan die begin van volg 4 alt rye, en vermin 1 st aan die sykant aan die volg en daaropvolg 3 alt rye. Brei 1 ry. Verm 1 st, binnekant r 5 voorband, aan elke ry tot daar 71 (77, 82, 88) ste is, end aan voorkant.

1e ry: r 5, riffelsteek tot end.

2e ry: Riffelsteek tot laaste 5 st, r 5.

Maak knoopsgate in die linkervoorband vir seuns en regtervoorkant vir dogters.

3e ry: (knoopsgate) r 2, wv, r 2 tes, r 1, riffelsteek tot laaste 10 (12, 15, 13) ste, wv, r 2 tes, riffelsteek tot end. Hou r 5 voorband, riffelsteek vir 5 rye. Herh knoopsgat-ry. Hou r 5 voorband, riffelsteek 3 rye. Heg af in riffelsteek.

r oor 5 ste van die voorband en met die verkeerde kant na

vore las wol aan oorbl ste, patt tot end. Brei om ooreen te stem met die linkervoorpant, fatsoenering en knoopsgate.

Boordjies:

Met die regterkant na vore, tel en r 42 (44, 46, 48) ste langs die mouskant. Brei 9 rye in r 1, aw 1, riffelsteek. Heg af in riffelsteek.

AFWERKING:

Moenie pars nie.

Frokkie: Werk al die nate toe. Maak 'n koord en steek deur die gaatjies by die nek.

Luierbroek: Werk die nate toe. Ryg rek deur die gaatjies en werk die ente stewig vas.

Baadjie: Werk die nate toe. Werk die voorbande vas en om die nek. Werk die knope aan om by die knoopsgate te pas. Pars die nate liggies met 'n lou yster.



REKBROEKIES



REKBROEKIES

- ★ Rek meer
- ★ Gesny om beter te pas
- ★ Geen kreukels
- ★ Beskikbaar in groottes: klein, medium, groot en ekstra groot
- ★ Vier opwindende kleure
- ★ 15 & 20 Draaddikte rek

99c

**SABRA KOUSE
HOU LANGER**

V & H • 01/131A

Handelsnavrae:

**DISTRA (PTY.) LTD.
JOHANNESBURG**

Posbus 11145. Tel. 23-9446

**By alle vooraanstaande
winkels verkrygbaar**

**Lyk mooier in
TREVIRA 2000**

Hellas
jasse • pakke • rokke



HELLAS-ONTWERP 14752

Die ideale somertabberd in Trevira 2000, die toweragtige was-en-dra-stof. Flatterende vertikale belyning met knoopversiering verleen elegansie aan die eenvoud van hierdie pronkrokke.

**TREVIRA
2000**

by al die
vooraanstaande
modewinkels.



Hellas

TREVIRA® is 'n geregistreerde handelsmerk van Farbwerke Hoechst AG.